

# St. Theresa Benedicta van die Kruis

## 9 Augustus

(1891-1942)

Hierdie merkwaardige geloofsgetuie is gebore as Edith Stein, uit ’n Joodse familie, op Jom Kippoer, die groot versoeningsfees. Sy het oor uitsonderlike intellektuele gawes beskik en behaal haar graad in filosofie met lof. Haar doktorale tesis oor die fenomeen van empatie maak haar ’n bekende figuur in Europese filosofiese kringe. Haar intellektuele en geestelike soeke na die sin van die lewe lei haar in 1922 na die Katolieke Kerk. Sy tree in 1934 in by die Karmelitiese-orde. Teen dié tyd het die Nazi-vervolginge van die Jode in Duitsland begin en sy word na ’n klooster in Nederland gestuur. Die Duitse verowering van Nederland lei daartoe dat sy in 1942 gearresteer word en na Auschwitz gestuur is, waar sy op 9 Augustus 1942 in die gaskamers vermoor word.

© Die Oratorium Uitgewery